## Aflegging van Belydenis van Geloof 2025

**Die volgende jongmense gaan vandag belydenis van Geloof afgelê:**

**Juan Pierre Kitching, Aiden Kitching en Lee Strydom.**

**Baie geluk aan die jongmense en hulle ouers en grootouers wat saam met hulle die geloofspad gestap het tot hier. Die families nooi die gemeente om saam te kom kuier in die gemeentelokaal net na die diens om die hulle geluk te wens.**

### Land van die maand MOSAMBIEK

Beweerde bedrogspul tydens die onlangse verkiesings het gelei tot betogings, geweld en onstabiliteit. Bid vir stabiliteit, dat die politici die bevolking se belange sal dien en vir 'n einde aan nepotisme en korrupsie. [Dr Olivier]

### Verkiesing van Kerkraadslede (4 vakatures)

By die Kerkraadsvergadering van 17 Feb. 2025 is die volgende gemeentelede verkies as diakens: Gunther Hough, Martin du Preez, Amanda Ras en Philip Nel. Ons vra die gemeente se voorbidding in hierdie tyd wat hulle het om te besluit. Die volgende Kerkraadbevesting sal op dv 13 April 2025 plaasvind.

Kaapweg 79 | Port Elizabeth | 6001
041 373 4419
www.patmos.ng.org.za
NG Kerk Patmos

# PATMOS NG KERK NUUS

*Waar liefde werk*

**2 Maart 2025**

**Erediens:** Ds Jan Grobbelaar
**Orrelis:** Anton Randall
**Deurkollekte oggend:** MES

Ronnie van MES gee terugvoer oor hulle bediening onder die haweloses. Daar is jeugbediening vir voorskool tot graad 6 gedurende die erediens en vir graad 7 tot 10 na die diens.

## Roetemerkers op ons pad

| | |
|---|---|
| **Voorsang:** | **Lied 450: 1-2** |
| | **Lied 528: 1-3** |
| **Lofprysing:** | **Lied 184: 1 & 4** |
| | **Lied 280: 1 & 3** |

**<u>Skrif:</u> Efesiërs 2: 1-10**

**Belydenisaflegging: Lied 514 1 en 2**

**Dankoffers**
**Slotlied:** **Lied 200: 1 & 3**
**Seëngroet**
**Amen**

## Program vir die week

Volgende Sondag:
9:00 Ds Jan Grobbelaar
Deurkollekte: Welbedacht
Dankoffers kan per eft betaal word in die volgende rekening:
NG Kerk Patmos
ABSA
Rek nommer: 4062060602
Tak: Newtonpark 632005

Gebedslys: Bid vir Chris Jansen, Henriette Gerber, William Kitching, Annette Venter. Biblia hawesending (opvolger vir Martin Brits) Land van die maand: Mosambiek. Nuutverkose kerkraadslede se besluit. Bid vir die gemeente se finansies.







**André Schwartz**: Gestroop en rou. Waar begin en eindig drome? Wat doen jy wanneer die kleure van jou lewensjas begin verander? Sedert Phantom of the Opera was daar 'n persepsie dat André Schwartz en Andrew Lloyd Webber vriende is. Die storielyn is 'n narratief wat hierdie interaksie deur musiek en gesprek ontgin. Lewenslesse word gedeel deur die musikale ervarings. Liedjies soos "Any Dream Will Do", "Love Changes Everything", "You Must Love Me", "Send in the Clowns", "Music of the Night", "Memory" en "Pie Jesu" is ingesluit.

**Magda Louw** MET Desiré Gardner TEKS EN REGIE Desiré Gardner

Magda Louw, die kletskous sonder 'n wag voor haar mond, gesels oor die waarde en waansin van woorde. Van lag en treur in jou hartstaal, en die dinge wat ons soms sê wat eerder net 'n gedagte moes bly. Sy't iets te sê oor die daaglikse uitdrukkings, gesegdes en idiome waarmee ons soms situasies ontlont, rusies probeer wen en gedrag regverdig. Van haar kop in 'n byenes steek tot op die hond se stert staan, speel sy oop kaarte sonder om enigiemand heuning om die mond te smeer. Magda kan nie 'n les in letterkunde gee nie, maar wat sy wel aanbied, is 'n les in kletterkunde.

Afrikaans • Geen 0.13